**Jou doop – redding of troos? Omgeegroepe 8 - 14 Maart 2015**

**1. Lief en leed**
Deel met mekaar die lief en leed van die afgelope paar weke asook wat jou Sondag met die eredienste getref het. Nadat julle gehoor het hoe dit met elkeen gaan, kan julle die Here loof en aanbid met 'n paar liedere en/of gebede. Doen moeite om die Here in julle gebede te dank vir sy genade van elke dag.

**2. Ingenooi in God se teenwoordigheid**
Raak rustig in God se teenwoordigheid, en bid saam.

**3. Luister na God se Woord**
Lees 1 Petrus 3:13-22. Ons is op die oomblik in die helfte van Lydenstyd. Die gedeelte sluit aan by die lyding van gelowiges, asook Jesus Christus se lyding vir ons. Lees die gedeelte deur en deel met mekaar wat julle hier tref of opval.

**4. Luister na mekaar en die wêreld**
Dink, gesels en deel met mekaar oor wat julle dink die betekenis van Lydenstyd vir ons in vandag se tyd is.

**5. Luister verder na die Woord van God**
Lees weer 1 Petrus 3:13-22. Wat dink julle bedoel vers 15 met die oproep dat ons altyd gereed moet wees om ''n antwoord te gee oor die hoop wat in ons lewe. Wie of wat is hierdie hoop? Hoe sluit vers 18 aan by wat in ons lydenstyd vier en oordink? En wat dink julle is die verband hiermee met die doop – ook my en jou doop? Vers 21 weerspieël ''n interessante perspektief op die doop. Jou doop gaan nie oor die fisieke afwassing van vuilheid nie, maar is enersyds 'n gebed tot God en andersyds die waarborg van redding op grond van die opstanding van Jesus! Die vraag is natuurlik – wat/wie is dit wat jou red? Jou doop of Jesus se oorwinning? En wat sou die verband daartussen wees? Gesels ook oor hoe die doop vir jou en my tot troos is.

**6. Fokus op wat God doen**
Jesus Christus het gely, die onskuldige vir ons as skuldiges – om ons na God te bring. Hy het gesterf maar is deur die Heilige Gees lewend gemaak en deur die Vader verhef om aan sy regterhand te heers oor hemel en aarde!

**7. Antwoord met jou lewe**
Kom ons antwoord op Jesus se sterwe en opstanding, sy lyding en verheerliking deur enersyds (ook op grond van ons doop) voortdurend in gebed voor Hom te buig en in absolute afhanklikheid van Hom te lewe en andersyds vrygespreek en skoongewas te gaan lewe op grond van ons redding deur die bloed van Jesus!

**8. Kom ons bid saam**
- Bid vir die mense in die gebedsbrief of waarvan jy weet wat siek of hartseer is of worstel met ander omstandighede.
- Bid vir die ouers en grootouers en ander geliefdes van die dopelinge wat ten doop gebring is: Michelle Bezuidenhout (Eugene & Lezelle en Elzette Bezuidenhout), Olivia ter Poorten (Etienne en Mariëtte en Mikaela ter Poorten) en Jaco van Schalkwyk (Elsje van Schalkwyk). Dank God vir sy seël en waarborg op hulle voorkoppe, wat ook vir ons 'n teken van redding en troos is.
- Dank God vir die troos dat jy gedoop is!